e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

3 Oktober 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 32

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Dank die Here vir sy genade...

Na afloop van die 70ste Algemene Kerkvergadering maal die woorde van Gesang 529 deur 'n mens se kop: *Dank, dank die Heer. Ons dank die Heer, want aan sy liefde, sy troue liefde is daar geen einde nie...*

Die 70ste AKV het van 22 tot 27 September in die Aula, Universiteit van Pretoria, vergader. In sy openingsrede het dr Daan van Wyk (jr), die uittredende voorsitter, gewys op die pynlike proses waardeur die Hervormde Kerk die afgelope tyd is. Na drie jaar van spanning en konflik, het 13 gemeentes hulleself 'onafhanklik' van die Hervormde Kerk verklaar en gekonstitueer as die *Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.* Met hierdie gebeure het kerkskeuring vir die Hervormde Kerk 'n pynlike werklikheid geword. Dit is dus te verstane dat die 469 afgevaardigdes met heelwat vrae en spanning in die gemoed die reis na die AKV aangepak het.

Die eerste twee dae het die vorm van 'n tafelgesprek aangeneem. Die tema was *Kerkwees in die toekoms.* Afgevaardigdes het in groepe van 10 om ronde tafels gesit. Al die wesenlike sake is bespreek en elke afgevaardigde het die geleentheid gekry om insette te lewer en standpunte te stel. Dit was gestruktureer om die AKV 'n meer inklusiewe en deelnemende proses te maak.

Talle afgevaardigdes het na die twee dae getuig dat dit 'n positiewe belewenis was en dat hulle kon ervaar hoe die Heilige Gees met krag werk om gesindhede te verander. Afgevaardigdes van ander kerke het getuig dat hulle nog selde so 'n vernuwende gees in 'n vergadering ervaar het.

Gesprek het vertroue tussen afgevaardigdes geskep, en nuwe vriende is gemaak. Dit was opvallend dat daar 'n nuwe taal – wat ek wil tipeer as 'geloofstaal' – na vore gekom het. Dit het daartoe gelei dat die aard van die gesprek verander het: Daar is beweeg van konflik en opponerende taal na inklusiewe en vertrouenstaal.

Die filosowe leer ons dat taal werklikheid skep. Die taal wat ons gebruik, bepaal tot 'n groot mate hoe ons dink en leef. Die manier hoe ons as gelowiges tydens die AKV met mekaar gepraat, verskil en saamgestem het, het 'n nuwe werklikheid van wedersydse respek en vertroue vir die Hervormde Kerk laat aanbreek.

Vanselfsprekend het al die afgevaardigdes nie met elke besluit saamgestem nie. Daar was moeilike besluite: Enkele beskrywingspunte het gevra dat die AKV sy afwysing van die teologiese regverdiging van apartheid moet herroep; ander het gevra dat die NHKA nie nou lid van die World Communion of Reformed Churches moet word nie. Albei hierdie beskrywingspunte is met groot meerderhede (meer as 80%) verwerp. Die beskrywingspunt dat die Hervormde Kerk nie tussen mense met verskillende seksuele oriëntasies onderskeid moet tref nie, is na intense debat nie tot 'n finale besluit gebring nie. Nie almal het met die besluite (of gebrek aan besluite) saamgestem nie.

Tog was 'n mens telkens beïndruk met die openhartige en respekvolle debat en die vermoë van die AKV om oor moeilike sake sinvolle besluite te neem. Daar is geluister na standpunte wat met teologiese argumente begrond is.

Die gesprek oor *Kerkwees in die toekoms* is nie afgehandel nie. Die gesprek moet met dieselfde openhartigheid en vertroue in gemeentes en ringsvergaderings voortgesit word. Die Hervormde Kerk, soos alle ander kerke, staan voor enorme uitdagings. Die konteks waarbinne ons moet kerk wees, het ingrypend verander. Demografiese veranderinge lei daartoe dat talle gemeentes kleiner word. Al meer predikante moet op deeltydse basis hul dienswerk in die Kerk verrig. Groot getalle van ons mense het kerklos geraak. Hoe die Hervormde Kerk sy pastorale, diakonale en missionale werksaamhede moet struktureer, verg nog heelwat gesprek.

Dit is my bede dat die Here die Hervormde Kerk deur sy Woord en Gees sal lei om waarlik *kerk* te wees.

Dr Wim Dreyer
Voorsitter: Kommissie van die AKV



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Duwies Duvenage

Beroep aanvaar

- **Prop PW (Duwies) Duvenage** (beroepafwagtend) na Barberton (deeltyds)

Vakante standplaas

- **Gemeente Onverwacht** in Ellisras beplan om hul toekomstige vakante **voltydse standplaas** te vul**.** Hierdie is 'n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met 'n sterk industriële gemeenskap. Daar vind heelwat uitbreidings plaas met die nuwe kragstasie wat in aanbou is, asook nuwe myngroepe wat besig is om te ontwikkel. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus.

  Die gemeente bestaan uit ± 630 lidmate, waarvan 402 belydende lidmate is. Daar is ongeveer 190 besoekpunte in die gemeente, wat bestaan uit 30 dorps- en 4 plaaswyke. Die gemeente is besig om 'n eie kerkgebou op te rig en beoog om gedurende Desember/Januarie in hul eie gemeentesentrum in te trek.

  Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig, diensgroepe wat reeds bestaan te bestuur, die jeug betrokke te hou, evangelisasiewerk te fasiliteer, betrokke te wees by fondsinsamelingsprojekte, asook normale huisbesoek en pastoraat te verrig. Die gemeente bied 'n pakket volgens skaal aan die suksesvolle kandidaat, met 'n reistoelaag.

  Belangstellende predikante/proponente kan **voor 13 Oktober 2013** 'n volledige CV stuur aan **admin@onverwachtgemeente.co.za**. Navrae kan aan ds Coenraad Strydom by 084 506 1917 of aan die skriba, oudl Stoffel Pretorius, by 082 875 7631 gerig word.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Ds Jan Wilson

- **Ds Jan Wilson** van Gemeente Klerksdorp-Suid was verlede week in 'n ernstige motorongeluk betrokke. Sy vriendin, Suzette Botha, is op slag dood. Ds Wilson is in die intensiewesorgeenheid van 'n hospitaal in Klerksdorp. Ons bid hom volkome herstel toe.

- Emerituspredikant ds Sakkie en mev Corrie Meyer se skoonseun, **Eben de Klerk**, is op Vrydag 27 September oorlede na 'n hartaanval. Ons innige simpatie gaan aan die familie.

- **Di Johan** (Koornfontein) **en Pieter** (Alberton) **Viljoen se moeder** het vir die soveelste keer die trauma van 'n huisinbraak beleef. Gelukkig was niemand tydens die rooftog tuis nie. Ons wens mev Viljoen baie sterkte toe.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Bejaarde persone het ook 'n groot behoefte om te behoort, werklik deel van hul familie en vriendekring te wees, en in die gemeente raakgesien en gehoor te word. Dit voeg waarde toe tot hul alledaagse lewe wat dikwels baie eensaam kan wees. Vir meer inligting, kontak die **ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB)** by 082 786 8448.

- Gemeentes en individue word daaraan herinner dat hulle hul **tydskrifintekenings** moet hernu, anders verdwyn hul name van die verspreidingslyste en ontvang hulle volgende jaar geen publikasies nie! Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za** om in te teken. Die pryse in 2014 is soos volg:
  Konteks
  R170 vir 10 uitgawes, R20 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)
  Die Hervormer
  R120 vir 11 uitgawes, R15 per individuele uitgawe (laasgenoemde posgeld uitgesluit)
  Almanak/Bybelse Dagboek
  R130 (posgeld uitgesluit as u dit nie by die gemeente afhaal nie)

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** As jy wil wegstap van 'n persoon wat blind is, sê dit vir hom of haar. Moenie net wegstap nie. Hy of sy kan nie sien dat jy wegstap nie.

- **STUDIEBEURS: MAATSKAPLIKE WERKER.** Aansoeke word ingewag vir die **Robbie Schilz-beurs** ten bedrae van R40 000 per jaar, vir studie in maatskaplike werk vir die akademiese jare 2014 tot 2017. Die suksesvolle kandidaat moet gekeur wees deur die Universiteit van Pretoria vir maatskaplike studies, asook 'n belydende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk wees. Die beurs is beskikbaar vir die eerste of 'n daaropvolgende studiejaar. Aansoekvorms is op aanvraag beskikbaar van **jnvh@otmt.org** of faks 012 323 2127 en moet ingedien word nie later nie as **15 November 2013**.

- 'n **Preekskets** van **ds Marius Venter** oor Jesaja 43 is op Donderdag 19 September aan predikante gestuur. Dit kan ook by Bybelstudiegeleenthede of saam met 'n eredienswerkgroep benut word. Die reeks preeksketse is as hulpmiddel vir predikante bedoel. **Lidmate** kan gaan na **www.nhka.org** → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting oor die betrokke teksgedeeltes.

- **POS VIR JEUGBEDIENAAR: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** beskik oor 'n vakature vir 'n Jeugbedienaar, verkieslik tussen 20-35 jaar oud. 'n Passie vir kinders en jongmense, en goeie menseverhoudings is van die vereistes wat gestel word. Die persoon sal verantwoordelik wees vir die organisasie en fasilitering van die totale jeugbediening van voorskools tot jong werkendes. Lidmate van Afrikaanse kerke, proponente en predikante is welkom om aansoek te doen. Die salarispakket is onderhandelbaar met 'n vaste **termynkontrak van 12 maande** gekoppel aan prestasiedoelwitte. Die datum van **diensaanvaarding** is **1 Januarie 2014**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **Sondag 13 Oktober 2013**. Kandidate moet 'n volledige CV aan die skriba stuur by **nhkdoringkruin@telkomsa.net**. Indien aansoekers binne twee weke na die sluitingsdatum niks van die gemeente gehoor het nie, kan aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was. Die volledige advertensie kan by bogemelde e-posadres aangevra word.

70ste AKV

- *Die Hervorme*r en die *e-Hervormer* sal **oor verskillende aspekte van die AKV terugvoer** gee. Daar heers wye waardering en dankbaarheid oor die **goeie gees** waarin die tweedag-werksessie en die hele vergadering verloop het. Afgevaardigdes het met vrymoedigheid aan die besprekings deelgeneem en daar is deurlopend in gesprekke na ons verstaan van die Bybel verwys. Deelnemers aan die gesprekke het die vrymoedigheid geopenbaar om eerlik te praat sonder om mense wat van hulle verskil te verneder of te veroordeel. Gelowiges kon mekaar se integriteit ervaar, en die vergadering bied hoop vir die uitdagings wat ons as Kerk van die Here Jesus Christus nou in ons land die hoof moet bied.

Dr Wim Dreyer

- **Die volgende persone is tydens die 70ste AKV verkies:**
  Kommissie van die AKV
  MODERAMEN
  Dr WA Dreyer (voorsitter), ds L Geel (skriba), dr GC Lindeque (visevoorsitter) en dr AG Ungerer (viseskriba).
  PREDIKANTSLEDE
  Prof E van Eck en ds WJJ Kok.
  OUDERLINGLEDE
  Oudle JH Beukes, JD Fourie, DJ Lizamore, T Moodie, FJ Paynter, F Smit, A Valks, WAJ van Schoor en PP Vorster.

  Sekunduslede
  Dr WC van Wyk, prof Y Dreyer, di CEC Hertzog, JF van der Merwe, dr J Beyers, ds D Barnard, oudle PW de Bruyn, L Geel, MW Groenewald, AJP le Roux, TL le Roux, PFS Mulder, AD Pieterse, WJJH Scholtz en IFO van Rooyen.

  Raad van Finansies
  Dr PJ van Zyl, di P Esterhuizen, CEC Hertzog, oudle JF Viljoen, J Combrink, P Bester en N Nolte.

  Raad van Trustees – NHKA Predikante-aftreefonds
  Dr FJ Labuschagne, ds HP vd Berg en dr E Marran.

  Raad vir Kerkregtelike Advies
  Dr BJ van Wyk, prof IWC van Wyk, ds RTI Pienaar, advv L Curlewis en M Barnard.

  Tugkomitee (sogenaamde *Laksmankomitee*!)
  Ds Etienne Fourie, dr Robert Jones, ds Johan van Staden, advv Fritz Geyer, René Mulder, oudle Karel Kruger en Pieter Mulder.

  Kuratorium
  Di JF van der Merwe (voorsitter), AH Roets (visevoorsitter), drr JC van der Merwe (sekretaris ex officio), CJ Beukes, di CEC Hertzog, MJ Slabbert, PF Viljoen en oudl F Wilkens.

- ’n Afvaardiging van die **World Communion of Reformed Churches (WCRC)** is tans op besoek aan die land en het gevra om **op Dinsdag 1 Oktober met die Moderamen gesprek** te voer. In die gesprek het die Moderamen en verteenwoordigers van die Raad vir Ekumene terugvoer gegee oor besluite van die 70ste AKV, waaronder die AKV se besluit om weer aansoek te doen om **lidmaatskap** van hierdie ekumeniese liggaam. Die openhartige gesprek is in ’n goeie gees gevoer, en sal by wyse van formele briefwisseling voortgesit word. Die WCRC verskuif binnekort hul klein internasionale kantoor van Genève (Switserland) na Hannover (Duitsland), en het gevra dat die NHKA ook sal voorbidding doen vir hul werk en die getuienis van al hul lidkerke in die wêreld.

- **Kruiskyk.TV** saai op **Woensdag 9 Oktober om 19:00** ’n onderhoud met dr Wim Dreyer (nuutverkose voorsitter van die Kommissie van die AKV) en dr Wouter van Wyk (SENTIK) uit. Ds Jannie Pelser het hulle uitgevra oor die 70ste AKV. Belangstellendes kan die uitsending lewendig op die webwerf van Kruiskyk.TV volg (**http://www.kruiskyk.tv/**) of kan daar instruksies kry oor hoe om hul TV op hierdie uitsending in te stel.

- Elke gemeente se afgevaardigde het Vrydag by die AKV **’n DVD met grepe uit die vergadering** gekry om huis toe te vat. Gemeentes word aangemoedig om dit na afloop van ’n erediens of gemeentevergadering aan lidmate te vertoon, of selfs te dupliseer en verder te versprei.

- Die fonds vir **die bediening in Zimbabwe** het oor die afgelope tyd ernstig gekrimp en daar is tydens die AKV weer 'n beroep op lidmate en gemeentes gedoen om **bydraes** daartoe te lewer. Bydraes vir hierdie doel kan in die rekening van die Raad van Finansies inbetaal word (ABSA tjekrekening nr 0200 000 287), met die verwysing 16ZPRF en die skenker se naam daarna.

- Na afloop van die 70ste AKV in die Aula van UP, is 'n **swart mans-oortrektrui** van Woolworths, grootte XL, asook 'n kleinerige **swartraam-leesbril** in die lokaal gevind. Kontak mev Marié van Niekerk van die Sinodale Kerkkantoor by 012 322 8885 x254 of **marie@nhk.co.za** indien u die eienaar(s) daarvan is.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties***
  25, 26 en 27 Oktober
  Op kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria
  Stuur groetewense, staaltjies, herinneringe en foto's vir gedenkblad
  Baardgroeikompetisie vir die manne
  Modeparade met toeka se klere vir die dames
  Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting
  Gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 Oktober, en word hartlik geluk gewens.**

o	Donderdag 3 Oktober:	Ds PJ (Piet) van der Merwe (emeritus)
o	Vrydag 4 Oktober:	Ds SA (Schalk) Kok (Potchefstroom-Noord)
o	Saterdag 5 Oktober:	Ds L (Leon) Janse van Rensburg (Namibkus)
o	Sondag 6 Oktober:	Di E (Etienne) Verhage (Bellville) en PF (Frikkie) Viljoen (Verwoerdburg)
o	Maandag 7 Oktober:	Dr PJ (Paul) de Beer (emeritus) en ds S (Steve) Oxton (Silverton)
o	Dinsdag 8 Oktober:	Prof JD (John) Gericke (emeritus) en dr WA (Willie) Strydom (Eikenhof/Johannesburg-Suid)
o	Woensdag 9 Oktober:	Dr WA (Wim) Dreyer (UP) en ds LJ (Sakkie) Meyer (emeritus)
o	Vrydag 11 Oktober:	Ds HJM (Hennie) Breedt (emeritus)

Beplande vergaderings

o	Maandag 7 Oktober:	Aksiegroep vir Bejaardes
o	Woensdag 9 Oktober:	OSR-personeeldag
		Kinderhuis-dagbestuur
o	Donderdag 10 Oktober:	Redaksie van *Die Hervormer*
		ADV-dagbestuur (Telefoonkonferensie)
o	Vrydag 11 Oktober:	Moderamen
o	Maandag 14 Oktober:	Raad vir SENTIK

Kursusse en toerusting

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
  24-uur versorging met drie maaltye word voorsien
  Tans is daar beskikbare kamers:
  o 2 enkelkamers suidekant @ R5 800
  o 2 beddens in die 4-bed-kamer @ R5 800
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

Konserte en feeste

- **Saterdag 5 Oktober om 14:30: Gemeente Turffontein in Johannesburg**
  Damestee: *Vrouedag* met Sonja Herholdt
  NG Kerksaal, Dalehamstraat, Mondeor, Johannesburg
  R100 per persoon
  Skakel mev Pikkie van der Westhuizen by 083 320 8262
  of Nellie Stipec by 083 449 6155 vir besprekings en besonderhede
  Verversings sal bedien word

- **Vrydag 25 Oktober om 19:00: Gemeente Strand**
  Konsert met Kurt Darren
  By Hoërskool Hottentots-Holland
  R120 volwassenes en R80 laerskoolkinders
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 4 Oktober: Gemeente Sasolburg: Gholfdag**
  By die *Riviera on Vaal* Gholfklub in Vereeniging
  Formaat is 'n *Betterball Stableford*
  R1 500 vir 'n vierbal of R250 per individuele speler
  Verversings ingesluit, verskeie pryse te wen
  Kontak André by 083 225 2388 of kerkkantoor by 016 976 4903

- **Vrydag 4 Oktober: Gemeente El-Flora: Gholfdag**
  CMR-golfbaan in Maraisburg
  R1 200 per vierbal
  Navrae aan Pierre van Belkum by 082 786 5782 /
  Piet Steenkamp by 083 400 4661 / Allan Botha by 083 627 0691

- **Vrydag 11 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Bronkhorstspruit-gholfbaan
  Afslaantyd: 11 uur
  Formaat: 4-bal beterbal
  R250 per persoon (sluit ligte versnaperinge in)
  Borgskappe: R2 500 per putjie (sluit 4 spelers in)
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Randfontein Midpark**
  Wen 'n vakansie binne seisoen!
  6 tot 13 Desember 2013
  Sluitingsdatum 15 Oktober 2013
  Natalse Suidkus, Ramsgate
  Huis kan 6 tot 10 persone neem
  Ten bate van gemeente se skulddelgingsprojek
  Vir slegs ***R25*** kan jy 'n week lank gaan vakansie hou
  Kontak Chrissie Munnik by 082 335 2588
  of ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555 / **jpcvdw@lantic.net**
  Koop 10 kaartjies & kry een gratis!

- **Gemeente Silverton: Oggendtee met Ina Bonnette**
  Saterdag 19 Oktober om 10:00
  R120 per persoon (ete en geskenkpak ingesluit)
  hv Fakkel- en Presidentstraat
  Bespreek by Lynn Potgieter (082 550 7355)
  of ds Steve Oxton (084 589 1306)

- **Gemeente Bergsig: Bybelloop op Saterdag 19 Oktober**
  09:00 tot 11:00
  By Suiderbergskool In Denyssenlaan, Mountain View
  R20 per persoon
  Inskrywingsvorm beskikbaar by kerk of op die terrein vanaf 08:00
  Donasievorms ook beskikbaar
  Kontak ds Freddie Nortjé by 074 308 7332
  of oudl Hannes de Wet by 082 424 3560
  of Tina van der Schyff by 078 682 7093

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  (Die kompetisie se sluitingsdatum van 31 Augustus 2013
  is verleng na 31 Mei 2014
  en die trekking uitgestel na 1 Junie 2014,
  omdat die kaartjieverkope tot dusver
  nie die prysgeld regverdig nie.
  Navrae aan Alida Reed by 011 826 4625
  op Dinsdae, Woensdae en Vrydae 09:30-14:00.)
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Chaan Bezuidenhout
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Alida Reed by 082 228 3552
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

Basaars en markte

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)

Toegang R20 per persoon
Kom geniet ’n heerlike dag
Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

- **Vrydag 22 en Saterdag 23 November: Gemeente Noordelike Pretoria**
  Bielie van ’n Makietie
  12de Laan, Gezina
  Met Liza Brönner en Wikus Botma
  Vrydagaand om 19:00: Ete by kerslig in die saal
  Etekaartjies tot 15 November te koop
  by Pikkie 083 404 5552 / Sarel 083 554 3397 / Mirna 082 307 7314
  Volwassenes = R50, persone oor 65 en kinders onder 12 = R25
  Saterdag vanaf 08:00: Iets vir almal
  Kosstalletjies, teetuin met gebak, koeldrank, pannekoek...
  Witolifanttafel, musiek, speletjies vir die kinders, lootjies en pryse te wen
  Uitstallers teen R50 ’n stalletjie
  Liza en Wikus 11:00 – bring stoel of kombers
  Navrae aan Ria Smit by **236mms@gmail.com**

- **Saterdag 30 November: Gemeente Strand: Basaar**
  Plek: Saal van NG Moedergemeente
  Adres: hv Birkenhead- en Faganstraat
  Van vroeg tot laat met alles en nog wat
  Kom besoek ons en ondersteun ons as u in die omgewing is
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

ANDER NUUS

- **VAKATURES: MAATSKAPLIKE WERKERS**
  Die Ondersteuningsraad is ’n geregistreerde welsynsorganisasie wat maatskaplike dienste lewer. Die OSR beskik tans oor vakante maatskaplikewerkposte by die volgende kantore:
  - Brakpan (2 voldagposte)
  - Elsburg (1 voldagpos)
  - Vanderbijlpark (1 6/8ste pos)

  Applikante moet aan die volgende vereistes voldoen:
  - Moet beskik oor ’n maatskaplikewerkgraad of kan ’n finalejaar (studies voltooi einde 2013) maatskaplikewerkstudent wees.
  - Moet oor ’n geldige rybewys beskik.
  - Moet by die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer wees.

  Kontakbesonderhede vir CV
  Tel 012 322 8885 x290 (mev Ansie Cromhout), faks 012 322 5787
  E-pos: **oraad@nhk.co.za**

- **UP FAKULTEIT TEOLOGIE**
  Heidelbergse Kategismus 450 Konferensie
  28-29 Oktober
  Aangebied deur die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg
  Proff Eberhard Busch, Natie van Wyk, Christina Landman, D Ottati
  Drr Kobus Labuschagne, Wim Dreyer, Johan van der Merwe
  Navrae aan dr Wim Dreyer by **wim.dreyer@up.ac.za**

- **BEELD-KINDERFONDS**
  - **Wen ’n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541
    R25 per SMS
    Tot 6 November

- **Kerskonsert**
  Woensdag 27 November in Pretoria
  R110 en R155

Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Duisende dankies aan dr Piet van Zyl vir sy voorbladartikel. Hy tref die kol absoluut. Dis die gebrek aan liefde wat verantwoordelik is vir al die onrus in ons Kerk. Dis aan albei kante van die sake wat die Kerk verskeur en waardeur onder mekaar gebyt en baklei word. Dis nodig dat ons weer leer om mekaar lief te hê, onverkort en sonder kwalifikasie. Die gewilde spreukie *die liefde het nie ’n ‘label’ nie* moet ons almal dryf tot ongekwalifiseerde liefde, soos die agapé-liefde waarmee God ons liefhet. Liefde tot eer van God.” *(Verkort)*

Ds Dirk Stoltz (emeritus)

AGTERBLAD

70ste AKV

Die 70ste AKV is verby, en oral hoor ons die boodskap dat met vrymoedigheid en in ’n goeie gees gepraat, verskil, geredeneer en na mekaar uitgereik is. Soos dr Wim Dreyer op die voorblad vra: Mag die Here ons Kerk deur sy Woord en Gees lei om waarlik kerk te wees.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel